# Ons KANDELAAR

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Krugersdorp

Jaargang 76 Nommer 25 28 Junie 2026

## Predikant

Dr. De Wet Saaiman
Wolkbergstraat 11
Noordheuwel
dsaaiman@isat.co.za
072-378-8759
011-954-4775



## Gereformeerde Kerk Krugersdorp

H/v Begin- en Premierstraat, Krugersdorp-Noord
Sel: 072 854 0953 E-pos: skriba@gkkrugersdorp.co.za
GPS: S26 05.389 O27 46.649
Webblad: www.gkkrugersdorp.co.za

## OGGENDDIENS SONDAG 28 JUNIE – Ds Jannie van der Schyff

Hoe sou die wêreld gelyk het as almal vol van die Gees was? Almal sou vol gewees het van liefde, blydskap, vrede, geduld, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid en selfbeheersing (die vrug van die Gees). Die wêreld sou wonderlik gewees het. Daar sou nie onsedelikheid, onreinheid, losbandigheid, afgodery, towery, vyandskap, twis, jaloesie, woede, selfsug, tweespalt, skeuring, afguns, dronkenskap, gefuif en hierdie soort dinge (die praktyke van ons vlees) gewees het nie. Ongelukkig lyk die wêreld nie so nie. Dit is daarom dat Moses sy versugting uitgespreek het (Numeri 11:29): “Ag, was die hele volk van die Here maar profete, dat die Here sy Gees oor hulle sou laat kom!”
In die prediking gee ons aandag aan:

- Die VERSUGTING na die Gees
- Die BELOFTE van die Gees
- Die VERVULLING van die belofte

## SONDAG 28 JUNIE 2026

Kollektes word via SnapScan gedoen of by die deure na die diens.
Eerste sakkie is vir Barmhartigheid.
Tweede sakkie is na die oggenddiens vir die Emeritaatsversorgingtrust.

Die tweede kollekte 5 Julie is na die oggenddiens vir die Kerkkas.

**09:00 Oggenddiens: Ds Jannie van der Schyff**

- Geen Kleuterkerk tydens die skoolvakansie nie
- Geen Kinderbediening tydens die skoolvakansie nie
- Konsistorie Diensbeurt: Wyk 23 – Oudl. Janie Steyn
- Diakonale Diensbeurt: Groep 3
- Geen Tee/Koffie tydens die skoolvakansie nie
- Geen Katkisasie tydens die skoolvakansie nie

**Geen Bybelskool**

## DIENSBEURTE SONDAG 5 JULIE 2026

- Geen Kleuterkerk tydens die skoolvakansie nie
- Geen Kinderbediening tydens die skoolvakansie nie
- Konsistorie Diensbeurt: Wyk 25 – Oudl. Len Dubery
- Diakonale Diensbeurt: Groep 4
- Geen Tee/Koffie tydens die skoolvakansie nie
- Geen Katkisasie tydens die skoolvakansie nie

## VAN HUIS TOT HUIS

**<u>Gelukwense:</u>**

**Baie geluk aan ons 70-Plussers wat verjaar:**

**28 Junie**

- Sr Veronica Coetzee
  (082 864 2416) Wyk 40

**1 Julie**

- Br Len Dubery
  (083 301 6547) Wyk 23
- Br Danie J.v Vuuren
  (082 826 2033) Wyk 42

**2 Julie**

- Br Neels Steenkamp
  (083 278 9432) Wyk 25

**Baie geluk aan ons lidmate wat verjaar:**

**28 Junie**

- Sr Nerita Coetzee (082 441 4165) Wyk 8
- Br Pieter Erasmus (082 377 748) Wyk 8

**29 Junie**

- Br Ignatius Fasen (082 554 4977) Wyk 3

**30 Junie**

- Br Pieter Theron (082 575 3751) Wyk 33

**1 Julie**

- Br Herman Henderson (082 924 0620) Wyk 8

**2 Julie**

- Jbr Ulrich Alberts (082 668 1772) Wyk 19

**Daar is geen huweliksherdenkings die week waarvan ons bewus is nie.**

**Lief en leed:**

- Br Jan Vorster (063 636 3396) Wyk 39 is Dinsdag verskuif na 'n algemene saal in Life Wilgeheuwel en sterk goed aan. Beterskap word hom toegebid.
- Ons maak met leedwese bekend die afsterwe van suster Kietie Neethling (Moria). Die troosdiens vind DV Vrydag 3 Julie vanuit ons kerkgebou plaas.
- Ons doen voorbidding vir sr Michell van der Schyff (082 376 7484) Wyk 5 wat DV Maandag 29 Junie vir 'n skouer operasie gaan. Mag die HERE haar volkome genesing skenk.

**Bedankings:**

- Die susters word van harte bedank vir hulle bediening van koffie en tee met die troosdiens van suster Annatjie Lourens. Groot dank en waardering vir al die ander rolspelers vir hulle dienste met die troosdiens.

**Verlof:**

- Dr De Wet en sy gesin is met twee weke weg met verlof. Skakel gerus met die wyksouderling as daar enige nood is of hulp benodig word.

## KENNISGEWINGBORD

| Kollektes: 21 Junie 2026 | | SnapScan: 21 Junie 2026 | |
|---|---|---|---|
| R 1665.10 | Oggend: Barmhartigheid | R 299.83 | Oggend: Barmhartigheid |
| R 680.10 | Oggend: Deure/ Thusofonds | R 183.77 | Oggend: Deure/ Thusofonds |
| R 30.00 | Aand: Barmhartigheid | R 19.34 | Aand: Barmhartigheid |
| R 30.00 | Aand: Deure/ Kerkkas | R. 0.00 | Aand: Deure/ Kerkkas |

## *Beroepenuus*

Beroep ontvang

- Ds NP (Philip) Wepener van GK Ladysmith/Harrismith na GK Venterstad

Beroep nie aanvaar nie

- Ds LP (Leon) van Jaarsveld van GK Brakpan na GK Wolmaransstad

## *Oordeel volgens dade*

- In 2 Korintiërs 5:10 leer die Here ons: "Ons moet immers almal voor die regterstoel van Christus verskyn, sodat elkeen kan ontvang volgens wat hy tydens sy aardse lewe gedoen het, of dit nou goed was of kwaad."

- En in Matteus 16:27 het Jesus dieselfde gesê: "Die Seun van die mens gaan saam met sy engele kom. Hy sal beklee wees met dieselfde heerlikheid as sy Vader en sal elkeen volgens sy dade vergeld."

Hierdie tekste verplaas ons na die laaste dag toe. Alle mense wat oor alle eeue geleef het, sal daardie dag voor die regterstoel van God verskyn. Matteus 25:32: "Al die volke sal voor Hom bymekaar gebring word, en Hy sal die mense van mekaar skei soos 'n wagter die skape van die bokke skei." Christus is die Regter. En Hy is alsiende en alwetend. Ook jy en ek sal daar wees. En Christus gaan jou oordeel "volgens wat (j)y tydens (jou) aardse lewe gedoen het. Skape links. Bokke regs. As jy goed gedoen het, is jy salig – dan spreek Christus jou vir ewig vry. As jy kwaad gedoen het, veroordeel Hy jou tot die ewige verdoemenis – vir ewig in pyn, weg van Christus af, in ewige duisternis.

As dít die enigste tekste in die Bybel is wat jy sou lees, sou jy jou hele lewe lank in vrees en bewing geleef het. Geen hoop. Vir ewig verlore. Máár nou is dit beslis nie ál wat die Woord van God ons leer nie. Ja, ons is vol sonde. Daar is nie één mens wat nie deurdrenk is met die allergruwelikste vuil en sonde nie (Rom. 3). Alle mense verdien om verlore te gaan. Jou beste werke is voor God goed genoeg net om op die ashoop weggegooi te word (Jes. 64:6). Maar God is 'n genadige God – oneindig genadig. Christus, die Regter, is ook jou Redder. Hy het vir jou vir wie Hy uitverkies het, aan die kruis gesterf – en Hy het ál jou sondes vir goed (permanent) met sy bloed afgewas. En Hy het jou tot geloof in Hom gebring.

As jy voor Hom verskyn op die oordeelsdag – wat sien Hy? Wie sien Hy? Hy sien jou soos jy skoon gewas is met sý bloed van al jou sondes. Hy sien sy kind – Hy het jou duur gekoop met sy kosbare bloed om vir ewig aan Hom te behoort. En daarom spreek Hy jou vry! Hy kyk na jou asof jy nooit enige sonde gedoen of gehad het nie.

- Romeine 3:23-24: "Almal het gesondig, en het nie deel aan die heerlikheid van God nie, maar hulle [die uitverkorenes] word, sonder dat hulle dit verdien, op grond van sy genade vrygespreek vanweë die verlossing deur Jesus Christus."


- Romeine 5:1: "God het ons dan nou vrygespreek deurdat ons glo."

- Romeine 8:1: "Daar is dus nou geen veroordeling vir dié wat in Christus Jesus is nie."

- Hebreërs 5:25: "Daarom kan Hy ook dié wat deur Hom na God gaan, eens en vir altyd verlos: Hy lewe vir altyd om vir hulle by God in te tree."

Jesus Christus is deur hierdie lewe met jou op pad om vir ewig saam met Hom in die hemel te lewe te lewe – in onbeskryflike heerlikheid! Jy hoef dus nie bang te wees vir die oordeeldag nie. Trouens, jy kan met vreugde daarna verlang en uitsien! – André Grové

## *Gedagte vir die week*



En Hy sê vir hulle:
Kom agter My aan,
en Ek sal julle vissers van mense maak.
Matteus 4:19

## *Bankbesonderhede*

Die besonderhede van die FNB-bankrekening is soos volg:
Rekeningnaam: Gereformeerde Kerk Krugersdorp
Bank: FNB
Takkode: 255355 (My Branch)
Tjekrekening: 62876026511
Verwysing: Lidmaatnommer of Van; Spesifiseer asseblief waarvoor die EFT-betaling toegewys moet word

## *Ons Kandelaar Proeflesers*

Dr De Wet Saaiman (072 378 8759) en srs Corry Faling (082 421 8380); Maryke Coetsee (071 677 1381); Anne-Marie Venter (082 819 3272); Janet du Plooy (066 0022 991); en Meisie Naudé (083 655 5419); asook br Piet de Weerdt (083 455 6489).

## *PREEKPROGRAM – TWEEDE KWARTAAL 2026*

**<u>2026 Jaartema</u>: Die Jaar van God se genade**
**<u>Kwartaaltema</u>: Hemelvaart en Pinkster**

**<u>28 Junie (Geen aanddiens - Dr De Wet verlof)</u>**
Oggend: Ds Jannie van der Schyff - Pinkstertyd – Ag, was almal maar vol van die Gees! – Numeri 11:4-35 (T = Numeri 11:29)

**<u>5 Julie (Geen aanddiens - Dr De Wet verlof)</u>**
Oggend: Besoekende/Ander predikant

**<u>12 Julie (Geen aanddiens)</u>**
Oggend: Dr De Wet – Pinkstertyd – Die Heilige Gees lei ons in die volle waarheid! Johannes 16:5-15 (T = Joh. 16:13).

**<u>19 Julie (Geen aanddiens)</u>**
Oggend: Dr De Wet – Pinkstertyd – Die Heilige Gees sug saam met jou en bid vir jou! Romeine 8:18-27 (T = Rom. 8:26, 27).

**SKOLE OPEN (21 Julie**

## *Reddersburg Kersfees in Julie*



















